education

Department:
Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2007

**EKONOMIE**

**HOËR GRAAD**

**FEBRUARIE/MAART 2007**

**404-1/0**

EKONOMIE HG

404 1 0A HG

| | |
|---|---|
| **PUNTE:** | **400** |
| **TYD:** | **3 ure** |

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en 'n antwoordblad.**

X05

*Kopiereg voorbehou*

GAUTENG

*Blaai om asseblief*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord SEWE vrae soos volg:

2. AFDELING A is VERPLIGTEND en moet beantwoord word op die antwoordblad wat voorsien is.

3. AFDELING B: Beantwoord enige VIER vrae in jou antwoordboek.

4. AFDELING C: Beantwoord enige TWEE vrae in jou antwoordboek.

5. Skryf die nommer van die vraag bo-aan elke antwoord.

6. Nommer die antwoorde volgens die stelsel wat in die vraestel gebruik word.

7. Lees die vrae noukeurig en begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

8. Laat 2 - 3 reëls oop tussen die onder-afdelings van vrae.

9. Beantwoord vrae in volsinne en verseker dat die formaat en inhoud van jou antwoorde voldoen aan die vereistes van die vraag.

10. Skryf netjies en leesbaar.

11. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde wat die vereiste aantal oorskry sal nie nagesien word nie.

12. Gebruik slegs swart of blou ink. Antwoorde in potlood sal nie nagesien word nie.

13. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

## AFDELING A

## VRAAG 1 (VERPLIGTEND)

1.1 MEERVOUDIGE KEUSEVRAE

Beantwoord die volgende meervoudige keusevrae op die antwoordblad wat voorsien is. Dui die korrekte antwoord aan deur 'n kruisie (X) in die ooreenstemmende blokkie op die antwoordblad te maak. Skryf jou eksamennommer op die antwoordblad.

NASIONALE INKOME

1.1.1 Indien die bevolking van 'n land vinniger toeneem as die BBP, sal daar 'n ... wees.

A afname in die algemene welvaart
B toename in ekonomiese groei
C toename in die algemene welvaart
D afname in die nasionale inkome (3)

1.1.2 Ekonomiese groei word gemeet aan 'n toename in die ....

A hoeveelheid goedere geproduseer.
B BBP per capita.
C nominale BBP.
D reële BBP. (3)

1.1.3 Indien die BNI van 'n land R120 000 milljoen per jaar is en die land 'n bevolking van 40 milljoen het, sal die BNI per capita gelyk wees aan ...

A R4 000.
B R3 000.
C R6 000.
D R30 000. (3)

1.1.4 Die bruto binnelandse produk, uitgedruk in terme van die pryse van 'n sekere basisjaar, staan bekend as die ... produk.

A bruto nasionale
B per capita binnelandse
C reële bruto binnelandse
D reële bruto nasionale (3)

PRYSVORMING

1.1.5 Die verskil tussen die prys wat die verbruiker gewillig is om te betaal vir 'n produk en die prys wat werklik betaal word, staan bekend as ...

A geleentheidskoste.
B verbruikersurplus.
C dalende opbrengs.
D grenskoste. (3)

1.1.6 Die vraagkurwe vir 'n antieke motorvoertuig wat in 'n uitstekende toestand is, sal ...

A 'n afwaartse helling van links na regs hê.
B parallel wees tot die vertikale as.
C parallel wees tot die horisontale as.
D 'n opwaartse helling hê van links na regs. (3)

1.1.7 Indien daar 'n toename in die vraag na DVD's is, sal die prys van CD's ...

A toeneem.
B afneem.
C onveranderd bly.
D volmaak onelasties wees. (3)

1.1.8 Op 'n oligopolie mark vind ons baie ...

A kopers en min verkopers.
B verkopers en slegs een koper.
C kopers en verkopers.
D kopers en een verkoper. (3)

EKONOMIESE-, STREEKSONTWIKKELING EN VERSTEDELIKING.

1.1.9 Die regering se makro-ekonomiese beleid staan bekend as ...

A HOP.
B GEAR.
C NEPAD.
D OPV. (3)

1.1.10 'n Land kan plaaslike kapitaalvorming aanmoedig deur ...

A uitvoere te ontmoedig.
B invoere te bevorder.
C besparings aan te moedig.
D buitelandse investering te ontmoedig. (3)

1.1.11 'n Voorbeeld van 'n ontwikkelende land is ...

A RSA.
B Italië.
C Australië.
D Japan. (3)

1.1.12 As gevolg van die gebrek van 'n kontraktuele ooreenkoms tussen werkgewer en werknemer in die informele sektor, word werkers ...

A dikwels uitgebuit.
B beskerm deur arbeidswetgewing.
C goed besoldig.
D geregistreer as belastingbetalers. (3)

INTERNASIONALE EKONOMIE

1.1.13 Die hoofdoelwit van invoervervanging is om ...

A uitvoere te ontmoedig.
B invoere te ontmoedig.
C invoere aan te moedig.
D uitvoere aan te moedig. (3)

1.1.14 Dividende wat verdien word op aandele beleggings in die buiteland word in die betalingsbalans aangeteken in die ... -rekening.

A lopende
B kapitaaloordrag
C finansiële
D reserwe (3)

1.1.15 Doeaneregte wat 'n sekere bedrag per eenheid van ingevoerde goedere bedra staan bekend as ... regte.

A ad-valorem
B spesifieke
C saamgestelde
D diskresionêre (3)

1.1.16 Die vrye beweging van produksiefaktore tussen lidlande dui 'n ... aan.

A monetêre unie
B vryhandelsgebied
C gemeenskapsmark
D doeane unie (3)

DIE STAAT

1.1.17 Die gebruik van belasting en staatsbesteding om die ekonomie te beïnvloed, staan bekend as … beleid.

A monetêre
B fiskale
C mededingings
D handels (3)

1.1.18 Die grootste enkele kategorie van staatsbesteding in Suid-Afrika is op …

A sosiale dienste.
B staatskuld.
C subsidies op voedsel.
D verdediging. (3)

1.1.19 Gevalle van verkwisting en buitensporige besteding binne staatsdepartemente word ondersoek en blootgelê deur die …

A Minister van Finansies.
B Finansiële en Fiskale Kommissie.
C Departement van Justisie.
D Ouditeur-Generaal. (3)

1.1.20 'n Belastingvorm wat op iemand anders afgewentel kan word, staan bekend as …

A maatskappybelasting.
B erfbelasting.
C Belasting op Toegevoegde Waarde.
D inkomstebelasting. (3)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Maak 'n kruisie (X) oor die korrekte antwoord wat op die antwoordblad verskaf is.

1.2.1 Die totale besteding op intermediêre goedere/halfklaarprodukte sal dieselfde as die waarde van die totale produksie wees. (2)

1.2.2 Strukturele veranderinge is korttermynverskuiwings in die bydraes van die onderskeie ekonomiese sektore tot die BBP. (2)

1.2.3 Ekonomiese goedere het gebruiks- en ruilwaarde. (2)

1.2.4 Die grensnutkromme het 'n negatiewe helling. (2)

1.2.5 VW en GM is voorbeelde van buitelandse direkte investering in Suid-Afrika. (2)

1.2.6 Korridors is ruimtelike ontwikkelingsgebiede wat spesifieke voordele vir ontwikkelende gebiede inhou. (2)

1.2.7 Die RSA voer goud vanaf Zimbabwe in om politieke onstabiliteit te vermy. (2)

1.2.8 Natuurlike hulpbronne is eweredig oor lande versprei. (2)

1.2.9 'n Tekort in die staatsinkomsterekening word ondervind wanneer staatsbesteding staatsinkomste oorskry. (2)

1.2.10 Belastingontduiking is die wettige metode wat die belastingbetaler gebruik om die belastinglas te verminder. (2)
**[20]**

1.3 Kies die mees gepaste woord(e) uit die volgende lys om by die onderstaande beskrywings te pas. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers op die antwoordblad wat voorsien is.

| |
|---|
| verstedeliking; nominale waarde; addisionele nut; petrol; steenkool; grensnut; SAID; integrasie; NEPAD; lone; inflasie; nasionale handel; deflasie; vuurmaakhout; toerisme; reële waarde; staatskuld; Mercusor; uraan |

1.3.1 Die geldwaarde van nasionale inkome aangepas vir prysstygings. (2)

1.3.2 Die nut verkry uit die verbruik van 'n ekstra eenheid. (2)

1.3.3 'n Proses waar mense uit landelike gebiede na stede trek. (2)

1.3.4 Handel binne die landsgrense. (2)

1.3.5 Dit word aangegaan wanneer die regering geld leen. (2)

1.3.6 Die organisasie wat op die ontwikkeling van Afrika fokus. (2)

1.3.7 Algemene styging in die pryspeil. (2)

1.3.8 'n Bron van hernubare energie in landelike gebiede. (2)

1.3.9 'n Hulpbron wat deur Sasol gebruik word om brandstof te vervaardig. (2)

1.3.10 'n Waardevolle bydraer tot ekonomiese ontwikkeling. (2)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 100**

## AFDELING B

Beantwoord enige VIER vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 2

NASIONALE INKOME

2.1 Beantwoord die volgende vrae op toepaslike wyse:

Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies:

2.1.1 Een komponent van finansiële kapitaal is 'n (fabriek/obligasie). (2)

2.1.2 Produksie, verbruik en (ruil/kapitaalvorming) is die basiese ekonomiese aktiwiteite. (2)

2.1.3 Die verskil tussen markpryse en faktorkoste is die waarde van (waardevermindering/netto indirekte belasting). (2)

Voltooi die volgende sin:

2.1.4 Die waarde van alle finale goedere en -dienste wat binne die landsgrense in 'n gegewe jaar vervaardig word, staan as ... bekend. (2)

2.1.5 Noem enige DRIE ekonomiese deelnemers in 'n oop ekonomie. (6)

2.2 Gebruik die volgende nasionale inkome- en produksiedata en beantwoord die daaropvolgende vrae. (Toon ALLE berekeninge waar van toepassing!)

| R MILJOEN | 2004 |
|---|---|
| Vergoeding van werknemers | 621 230 |
| Netto bedryfsurplus | 411 945 |
| Verbruik van vaste kapitaal | 172 394 |
| Belasting op produkte | 146 738 |
| Subsidies op produkte | 2 671 |
| Ander belastings op produksie | 28 700 |
| Ander subsidies op produksie | 3 860 |
| Bruto binnelandse produk teen markprys | 2.2.1? |

(*SARB Kwartaallikse Bulletin* – September 2005)

2.2.1 Bereken die Bruto Binnelandse Produk teen markpryse in die jaar 2004. (9)

2.2.2 Waarom is die markprys altyd hoër as die basiese prys? (3)

2.2.3 Hoeveel is aan salarisse en lone in die jaar 2004 bestee? (3)

2.2.4 Wat word met '*verbruik van vaste kapitaal*' bedoel? (3)

2.2.5 Watter jaar word as basisjaar in die bepaling van nasionale inkome gebruik? (2)

2.3 Bespreek die werklike oorsake van sakesiklusse. (16)
**[50]**

## VRAAG 3

PRYSVORMING

3.1 Beantwoord die volgende vrae op toepaslike wyse:

Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies:

3.1.1 Die vraag na duur items neig om (elasties/onelasties) te wees. (2)

3.1.2 Behoeftes het (beperkte/onbeperkte) intensiteit. (2)

3.1.3 Suurstof in 'n vistenk is 'n (vrye/ekonomiese) goed. (2)

Voltooi die volgende sin:

3.1.4 Die opoffering, in geldelike terme, van een artikel sodat 'n ander artikel gekoop kan word, staan as ... bekend. (2)

3.1.5 Noem enige DRIE voordele van mededinging in 'n mark. (6)

3.2 Bestudeer die volgende tabel en beantwoord die daaropvolgende vrae:

| Aantal pasteie verbruik | Grensnut | Totale nut |
|---|---|---|
| 1 | 8 | 8 |
| 2 | ? | 12 |
| 3 | 1 | ? |
| 4 | 0 | 13 |
| 5 | ? | 11 |
| 6 | -5 | 6 |

3.2.1 Hoeveel nut word verkry uit die verbruik van die 2$^{de}$ pastei? (3)

3.2.2 Wat is die totale nut verkry uit die verbruik van drie pasteie? (3)

3.2.3 Wat word die punt genoem waar die grensnut 0 is? (3)

3.2.4 Bereken die grensnut verkry uit die verbruik van die 5$^{de}$ pastei. (3)

3.2.5 Wat neem jy waar met betrekking tot die tendens van grens- en totale nut wat in die tabel hierbo weerspieël word? (6)

3.2.6 Wanneer nut van 'n eenheidkommoditeit afneem soos wat die voorraad in 'n spesifieke tyd toeneem, staan dit as ... bekend. (2)

3.3 Verduidelik die konsep 'verbruikersurplus' met behulp van 'n grafiek voorsien van gepaste byskrifte. (16)
**[50]**

**VRAAG 4**

EKONOMIESE- EN STREEKSONTWIKKELING, VERSTEDELIKING

4.1 Beantwoord die volgende vrae op toepaslike wyse:

Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies:

4.1.1 Ekonomiese ontwikkeling in Suider-Afrika word deur die (OBSA/HOP) gefinansier. (2)

4.1.2 Wanneer mense nie daartoe in staat is om 'n minimum lewenstandaard te handhaaf nie, word daar gesê dat hulle (bankrot/arm) is. (2)

4.1.3 Paaie, spoorweë en lughawens is voorbeelde van (fisiese/sosiale) infrastruktuur. (2)

Voltooi die volgende sin:

4.1.4 'n Proses waar gemeenskappe van een land na 'n ander trek vir werk, verblyf en 'n beter lewenstyl staan as ... bekend. (2)

4.1.5 Noem ENIGE DRIE ontwikkelingskorridors in Suid-Afrika. (6)

4.2 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die daaropvolgende vrae:

**ARMOEDE IN SUID-AFRIKA**

Indien Indië die klassieke geval van armoede in die wêreld is, dan moet Suid-Afrika die treffendste voorbeeld van ongelykheid wees. Alhoewel Suid-Afrika apartheid afgeskaf het, leef die land se inheemse swart bevolking in 'n totaal ander wêreld as die wittes. Wit Suid-Afrika bestaan uit ±14% van die bevolking maar besit ±88% van die land se private eiendom en, saam met buitelandse beleggers, 90% van die handel en nywerheid.

Meer as die helfte van die swart bevolking leef onder die broodlyn en in die landelike gebiede ly 40% van die swart kinders aan wanvoeding. Die onderwysstelsel laat die bose kringloop van armoede en ongelykheid voortbestaan met 'n swart geletterdheidskoers van 33% en die feit dat 75% van alle onderwysers nie toepaslik gekwalifiseerd is nie. Om die probleme geassosieer met ongelykheid in die land op te los, moet hoër vlakke van ekonomiese groei behaal word. Maar ekonomiese groei op sigself sal nie genoeg wees nie; die land het ekonomiese ontwikkeling nodig.

(Bron: M Todaro - *Economic Development* – vry vertaal)

4.2.1 Noem TWEE voorbeelde uit die teks wat illustreer waarom Suid-Afrika as 'n ontwikkelende land beskou kan word. (6)

4.2.2 Hoe kan die Suid-Afrikaanse regering die probleem van armoede oplos? Stel enige DRIE pogings in hierdie verband voor. (9)

4.2.3 Verduidelik kortliks wat met 'ander wêreld' binne die Suid-Afrikaanse konteks bedoel word. (3)

4.2.4 Definieer *armoede*. (2)

4.3 Bespreek '*menslike hulpbronne*' as een van die strategieë wat 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van ontwikkelende lande. (16)

**[50]**

**VRAAG 5**

INTERNASIONALE EKONOMIE

5.1 Beantwoord die volgende vrae op toepaslike wyse:

Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies:

5.1.1 Indien Suid-Afrika invoere wil ontmoedig, kan (BTW/doeanebelasting) gehef word. (2)

5.1.2 Betalings vir dienste aan ander lande word as 'n (positiewe/negatiewe) inskrywing in die Betalingsbalans getoon. (2)

5.1.3 Die onttrekking van buitelandse maatskappye uit die plaaslike ekonomie staan as (sanksies/disinvestering) bekend. (2)

Voltooi die volgende sin:

5.1.4 Die proses waar lande noue ekonomiese skakeling en samewerking het, staan as ... bekend. (2)

5.1.5 Noem enige DRIE vorme van beskerming. (6)

5.2 Gebruik die volgende leidrade om die blokkiesraaisel hieronder te voltooi. Skryf die antwoord langs die teenoorstemmende vraagnommer in jou antwoordboek.

5.2.1 Hierdie internasionale organisasie verleen finansiële bystand aan lande wat ernstige betalingsbalanstekorte ondervind. (3)

5.2.2 Die Betalingsbalans bestaan uit ... rekeninge. (3)

5.2.3 Die eerste transaksies van die Betalingsbalans hou verband met die ... rekening. (3)


5.2.4 Suid-Afrika se geldeenheid is die ... . (2)

5.2.5 Portefeuljebeleggings verwys na beleggings in ... . (3)

5.2.6 Suid-Afrika se reserwes word nie in die Betalingsbalans getoon nie want dit verteenwoordig 'n ... en die Betalingsbalans toon slegs vloeie. (3)

Kopiereg voorbehou 

5.2.7 Hierdie ... rekening bestaan uit transaksies wat verband hou met regstreekse, portefeulje en ander beleggings. (3)




5.3 Bespreek die 'geografiese' oorsake van (redes vir) internasionale handel. (16)
**[50]**

## VRAAG 6

DIE STAAT

6.1 Beantwoord die volgende vrae op toepaslike wyse:

Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies:

6.1.1 Die las van BTW wentel af op die (verbruiker/vervaardiger). (2)

6.1.2 Die beginsel dat verbruik deur een persoon nié verbruik deur 'n ander persoon verminder nie, staan as (wedywering/uitsluiting) bekend. (2)

6.1.3 Die regering is (meer/minder) produktief as die private sektor. (2)

Voltooi die volgende sin:

6.1.4 Die afskaffing van sekere reëls en regulasies om handel te stimuleer, staan as ... bekend. (2)

6.1.5 Noem ENIGE DRIE doelwitte van privatisering. (6)

6.2 Bestudeer die volgende tabel en beantwoord die daaropvolgende vrae:

| STATUTêRE BELASTINGKOERSE VAN TOEPASSING OP INDIVIDUE | |
|---|---|
| WAAR BELASBARE INKOMSTE ... | |
| Nie R100 000 oorskry nie | 18% van elke rand van die belasbare inkomste |
| R100 001 oorskry maar nie R160 000 oorskry nie | R18 000 plus 25% van die bedrag waarmee die belasbare inkomste R100 000 oorskry |
| R160 001 oorskry maar nie R220 000 oorskry nie | R33 000 plus 30% van die bedrag waarmee die belasbare inkomste R160 000 oorskry |
| R220 001 oorskry maar nie R300 000 oorskry nie | R51 000 plus 35% van die bedrag waarmee die belasbare inkomste R220 000 oorskry |
| R300 001 oorskry maar nie R400 000 oorskry nie | R79 000 plus 38% van die bedrag waarmee die belasbare inkomste R300 000 oorskry |
| R400 001 oorskry | R117 000 plus 40% van die bedrag waarmee die belasbare inkomste R400 000 oorskry |
| **Belastingkortings vir 2006/7** | |
| Kortings: Primêre korting R7 200 – 65 jaar en ouer R4 500 | |

6.2.1 Noem die persoonlike inkomstebelastingstelsel wat in Suid-Afrika gebruik word. (3)

6.2.2 Is die belastingkoers in die bostaande tabel progressief of regressief? Motiveer jou antwoord. (5)

6.2.3 Wat is die grensbelastingkoers? (3)

6.2.4 Bereken die belasting wat 'n 45-jarige persoon met 'n belasbare inkomste van R200 000 p.j. sal betaal. Neem die belastingkorting in aanmerking. Toon ALLE berekeninge! (7)

6.2.5 Watter organisasie administreer en beheer Suid-Afrika se belastingstelsel? (2)

6.3 Bespreek die kenmerke en voordele van direkte belasting. (16)
**[50]**

**VRAAG 7**

KEUSEMODULES (BELANGRIKE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIESE ONDERWERPE)

Kies ENIGE TWEE van die volgende onderwerpe. Maak gebruik van duidelike opskrifte om die onderwerpe van jou keuse aan te dui.

7.1 ARBEIDSVERHOUDINGE

7.1.1 Beantwoord die volgende vrae op toepaslike wyse:

Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies:

(a) Geskille tussen werkgewers en werknemers kan deur die (KVBA/NEOAR) bygelê word. (2)

Voltooi die volgende sin:

(b) Die proses waar ekonomiese geleenthede en hulpbronne aan die voorheen benadeelde swart bevolking beskikbaar gestel word, staan as ... bekend. (2)

(c) Noem enige TWEE faktore wat lone bepaal. (4)

7.1.2 Bestudeer die volgende stelling en beantwoord die daaropvolgende vrae:

> ARBEID
>
> *'Die arbeidsaanbod word gewoonlik met daardie deel van die ekonomies bedrywige bevolking geassosieer ...'*

(a) Definieer die konsep *ekonomies bedrywige bevolking.* (3)

(b) Noem TWEE faktore wat die grootte van die arbeidsmag bepaal. (6)

7.1.3 Bespreek die faktore wat die toename in die vraag na arbeid beïnvloed. (8)

**/25/**

EN/OF

7.2 PRODUKTIWITEIT EN WERKLOOSHEID

7.2.1 Beantwoord die volgende vrae op toepaslike wyse:

Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies:


(a) Stakings en sloerstakings deur werkers is geneig om produktiwiteit te (verhoog/verlaag). (2)

Voltooi die volgende sin:

(b) 'n Proses waar die werker nie tot sy/haar volle kapasiteit werk nie, staan as ... bekend. (2)

(c) Noem enige TWEE metodes om produktiwiteit in 'n sektor te meet. (4)

7.2.2 Bestudeer die volgende sirkelgrafiek en beantwoord die daaropvolgende vrae:




(Bron: *SARB Kwartaallikse Bulletin*, Maart 2006)

(a) Noem EEN voorbeeld van 'n nie-goudmynbou aktiwiteit binne die mynboubedryf. (3)

(b) Watter bedryf toon die grootste persentasie verandering in 2005? (3)

(c) Noem EEN rede waarom indiensneming in handel en nywerheid in 2005 met 5,4% verbeter het. (3)

7.2.3 Verduidelik kortliks die voordele van produktiwiteit. (8)
**/25/**

EN/OF

7.3 INFLASIE

7.3.1 Beantwoord die volgende vrae op toepaslike wyse:

Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies:

(a) Een maatreël om inflasie te bestry, is om die bankkoers te (verhoog/verlaag). (2)

Voltooi die volgende sin:

(b) 'n Toestand van buitengewone verhogings in die algemene prysvlakke staan as ... bekend. (2)

(c) Noem enige TWEE maniere waarop voorspellings en vooruitskattings tot inflasie kan lei. (4)

7.3.2 Bestudeer die volgende tabel en beantwoord die daaropvolgende vrae:

| IMF-VOORUITSKATTINGS VAN WÊRELDINFLASIE VIR 2005/6 | | |
|---|---|---|
| | INFLASIEKOERS % | |
| | 2005 | 2006 |
| Ontwikkelde ekonomieë: | 2,7 | 2,0 |
| VSA | 3,1 | 2,8 |
| VK | 2,0 | 1,9 |
| Japan | -0,4 | -0,1 |
| Ontwikkelende ekonomieë | 5,9 | 5,7 |
| Afrika | 8,2 | 7,0 |
| China | 3,0 | 3,8 |
| Indië | 3,9 | 5,1 |
| Suid-Afrika | 4,2 | 5,0 |

(Bron: *IMF World Economic Outlook* – vertaal)

(a) Watter ontwikkelende land se inflasiekoers is die laagste? (3)

(b) Wat neem jy waar met betrekking tot die inflasiekoers in Afrika in die tweejaar-tydperk? (3)

(c) Gee die konsep wat die inflasiesituasie in Japan omskryf. (3)

7.3.3 Bespreek die regering se beleid van '*inflasieteikens*'. (8)
**/25/**

EN/OF

7.4 STRATEGIESE HULPBRONNE

7.4.1 Beantwoord die volgende vrae op toepaslike wyse:

Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies:

(a) Suid-Afrika het (een/twee) kernkragstasies in werking. (2)

Voltooi die volgende sin:

(b) Die energie wat verskeie kere weer gebruik kan word, word ... genoem. (2)

(c) Noem enige TWEE moontlike oplossings vir die probleem om genoeg water vir toekomstige ontwikkeling te verskaf. (4)

7.4.2 Bestudeer die volgende koerantuittreksel en beantwoord die daaropvolgende vrae:

> WAARHEEN PETROLPRYS?
>
> Die prys van brandstof kan binnekort R6 per liter oorskry indien wêreldwye oliepryse bestendig bly teen die huidige hoë vlakke. Die Ministerie van Minerale en Energiesake het verlede week 'n 14c/ℓ-verhoging in die brandstofprys aangekondig, en aangevoer dat hoër oliepryse die gevolg is van spanning in die Midde-Ooste (Iran) die afgelope paar weke.
>
> Die 14c/ℓ-verhoging in die prys van petrol, in werking vanaf 1 Februarie 2006, kan 'n ernstige effek op die regering se ekonomiese groeivoorspellings hê. Ekonome en ontleders is egter van mening dat monetêre beleid nie noodwendig op 'n verhoging in die olieprys sal reageer nie. Hulle voorspel dat die VPIX tot aan die einde van 2006 binne die inflasieteikengrense sal bly.

(Bron: *Business Day*, 30 Januarie 2006 – aangepas en vertaal)

(a) Noem EEN rede vir die verhoging in die olieprys. (3)

(b) Waarom moet verbruikers in Johannesburg meer betaal vir brandstof as verbruikers in Kaapstad? (3)

(c) Noem EEN land wat 'n lid is van die OPUL-kartel. (3)

7.4.3 Bespreek die belangrikheid van watervoorsiening en -bewaring met betrekking tot die primêre sektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie. (8)

**/25/**

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 200**

## AFDELING C

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

Opstelle moet goed gestruktureer wees en in 'n sistematiese formaat aangebied word. Antwoorde moet 'n *inleiding*, *liggaam* en *gevolgtrekking* hê.

### VRAAG 8 NASIONALE INKOME

'Alhoewel nasionale produksie, inkome en uitgawes die beste beskikbare maatstaf is van die geheeltotaal van binnelandse ekonomiese aktiwiteit, is dit nie probleemvry nie.'

Verduidelik die probleme wat ondervind word wanneer nasionale inkome bereken word. **[50]**

### VRAAG 9 PRYSVORMING

'Wanneer monopolieë gevorm word, is daar 'n neiging dat aanbod beperk is en prys opgejaag word.'

Bespreek hierdie stelling deur na die redes vir onvolmaakte mededinging in die praktyk te verwys. **[50]**

### VRAAG 10 INTERNASIONALE EKONOMIE

Bespreek die faktore wat die vasstelling van die wisselkoers tussen twee lande onder 'n vry-swewende wisselkoersstelsel beïnvloed. Gebruik gepaste grafieke om jou antwoord te illustreer. **[50]**

### VRAAG 11 DIE STAAT

'In ontwikkelende lande streef regerings normaalweg vyf makro-ekonomiese doelwitte na'.

Bespreek hierdie vyf makro-ekonomiese doelwitte met behulp van toepaslike voorbeelde.
(Jy mag ook na onlangse verwikkelings verwys) . **[50]**

**TOTAAL AFDELING C: /100/**

**GROOTTOTAAL: 400**

Kopiereg voorbehou

| EKONOMIE HG FEB - MAR 2007 |
|---|

| AFDELING A | ANTWOORDBLAD |
|---|---|

| EKSAMEN NR.: | SENTRUM NR.: |
|---|---|

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | A | B | C | D |
| 1.1.2 | A | B | C | D |
| 1.1.3 | A | B | C | D |
| 1.1.4 | A | B | C | D |
| 1.1.5 | A | B | C | D |
| 1.1.6 | A | B | C | D |
| 1.1.7 | A | B | C | D |
| 1.1.8 | A | B | C | D |
| 1.1.9 | A | B | C | D |
| 1.1.10 | A | B | C | D |
| 1.1.11 | A | B | C | D |
| 1.1.12 | A | B | C | D |
| 1.1.13 | A | B | C | D |
| 1.1.14 | A | B | C | D |
| 1.1.15 | A | B | C | D |
| 1.1.16 | A | B | C | D |
| 1.1.17 | A | B | C | D |
| 1.1.18 | A | B | C | D |
| 1.1.19 | A | B | C | D |
| 1.1.20 | A | B | C | D |

| |
|---|
| |
| 60 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.2.1 | WAAR | ONWAAR |
| 1.2.2 | WAAR | ONWAAR |
| 1.2.3 | WAAR | ONWAAR |
| 1.2.4 | WAAR | ONWAAR |
| 1.2.5 | WAAR | ONWAAR |
| 1.2.6 | WAAR | ONWAAR |
| 1.2.7 | WAAR | ONWAAR |
| 1.2.8 | WAAR | ONWAAR |
| 1.2.9 | WAAR | ONWAAR |
| 1.2.10 | WAAR | ONWAAR |
| | | 20 |

| | |
|---|---|
| 1.3.1 | |
| 1.3.2 | |
| 1.3.3 | |
| 1.3.4 | |
| 1.3.5 | |
| 1.3.6 | |
| 1.3.7 | |
| 1.3.8 | |
| 1.3.9 | |
| 1.3.10 | |

| | |
|---|---|
| | |
| 20 | 100 |